SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 10 JANUARIE 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE 60 METER BAND IN SUID-AFRIKA

DIE 60 METER WAZS UITDAGING

en

KLUBNUUS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin hierdie bulletin met die nuus van twee stil sleutels:

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Kurt ZS5KL op Dinsdag 29 Desember 2020 stil geword het na n kort siekte. Kurt was vir 30 jaar lank n lid van die Durban Amateur Radio Klub en was sekretaris vir die afgelope paar jaar. Ons betuig ons innige meegevoel met sy vrou Cindy, familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Nic Cronje, ZS6WW op Donderdag 7 Januarie 2021 stil geword het. Hy was altyd betrokke by die OTL-klub in die ou Oos-Transvaal, later Mpumalanga en het na die herhalers om gesien. Hy het dit geniet om sy kennis aan mede-radio amateurs te deel. Ons betuig ons innige meegevoel met sy familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

NARS MAAK OP 13 JANUARIE

Die kantoor by die Nasionale Amateurradiosentrum open op Woensdag 13 Januarie 2021 na die Desember vakansie. Welkom terug Kelley!

DIE 60 METER BAND IN SUID-AFRIKA

In gevolge die uitslag van die Wêreld Radio Konferensie 2015 (WRC-15), waar radioamateurs toegang tot die 60 meter-band verkry het, het OKOSA op 25 Mei 2018 'n toewysing van 100 kHz spektrum aan die Suid-Afrikaanse radio amateurs in die Nasionale Radio Frekwensie plan gepubliseer. Daar is twee

afsonderlike voet notas in die plan, wat die toegang tot die 60 meter-band in drie segmente verdeel.

In voet noot 5.133B is daar 'n toekenning van 5 351,5 tot 5 366,5 kHz met 'n krag perk van slegs 15 W EIRP. Dit is die mees algemene toekenning in lande waar 60 meter toegelaat word. In voet noot NP 0 het OKOSA 'n volle 100 kHz toegeken. Die voet noot lui, "Die 5 350 - 5 450 en die kanaal 5 290 kHz word op sekondêre basis toe gewys aan radio amateurs kragtens artikel 4.4 van die ITU-regulasies. Die hele toekenning is op 'n sekondêre basis, wat beteken dat radio amateurs nie steurings mag veroorsaak nie. .

OKOSA het egter nog nie bylae I van die Frekwensie Spektrum Regulasies wat krag beperkings en modulasie tipes bepaal, bygewerk nie. In die SARL se motivering om 100 kHz van 5 MHz-spektrums te laat toeken, het die SARL egter 'n krag perk van 26 dBW (400 Watt PEP) vir ZS- en ZR-lisensie houers en 20 dBW (100 Watt PEP) vir ZU-lisensie houers gevra. Hierdie krag beperkings is algemeen in Suid-Afrika vir alle bande wat op sekondêre basis toegeken word. Op bande waar amateur radio 'n primêre toekenning het, is die krag perk vir ZS- en ZR-lisensiehouers 30 dBW. Die huidige situasie is dat hierdie krag beperkings vir sekondêre toewysings van toepassing is op 5 MHz, behalwe vir die segment 5 351,5 tot 5 366,5 waar slegs 15 Watt EIRP toegelaat word.

DIE WERK ALLE ZS 60 METER TOEKENNING.

Die SARL daag radio amateurs uit om die 60 meter-band te gebruik en aan die SARL Werk Alle ZS-toekenning te werk. Die Werk Alle ZS-reeks toekennings, is beskikbaar vir alle radio amateurs en kortgolf luisteraars. Aansoekers moet twee rigting kontakte (of SWL-verslae) met minstens 100 Suid-Afrikaanse roepseine bewys. Die WAZS-toekenning vir 60 M dra 'n spesiale endossement van "Gewerk op 5 MHZ." Die roepseine moet die verskillende roep gebiede volgens die WAZS-reëls soos volg voorstel:

ZS1 - 16 kontakte

ZS2 - 8 kontakte

ZS3 - 1 kontak

ZS4 - 6 kontakte

ZS5 - 13 kontakte

ZS6 - 56 kontakte

Radio amateurs word aangemoedig om werklike sein verslae te gee, aangesien die data verwerk sal word en deel sal uit maak van die 60 meter voortplantings projek. Elke aansoek moet die datum, tyd, frekwensie, krag wat gebruik word, beide roepseine en die akkurate sein verslae gegee en ontvang. Alle aansoeke vir die spesiale 60 meter Werk Alle ZS-toekenning wat teen 31 Maart ontvang is, sal deelneem aan die trekking vir 'n 2021 ARRL-handboek. Besoek www.zs6p.com/SARL_Awards_Directory.pdf vir aansoek besonderhede.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

OEZBEKISTAN SLUIT AAN DIE 5 MHZ-GROEP

Inligting kom van Fedor, UK9AA van die Radio Amateurs van Oesbekistan, om ons te vertel dat toestemming ontvang is vir kategorie 1 Oesbekiese lisensiehouers om in die nuwe WRC-15 Amateur 60 m sekondêre toekenning van 5 351,5 - 5 366,5 kHz met 'n maksimum krag van 100 W te werk. Voor dit kon Fedor in 2014 'n spesiale individuele permit van die reguleerder verkry en sy eerste 5 MHz QSO in 2015 gemaak . Hy glo hy was die eerste in die Statebond van Onafhanklike State (SOS) streek wat 'n lisensie vir 60 m gekry het.

[Dankie aan Paul Gaskell, G4MWO-redakteur van die% MHZ Nuusbrief]

DIE EERSTE 80 M KLUB NAELLOOP VIR 2021

Die eerste been van die Woensdag 80 m Klub Naelloop vind plaas van 17:30 tot 18:30 UTC (19:30 tot 20:30 SAT) Woensdag 20 Januarie met foon- en GG-aktiwiteit. Die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag, jou Klub se naam en jou ruit vierkant (bv. KG30). Jy verdien 2 punte vir elke QSO, 2 punte vir elke nuwe ruit vierkant wat gewerk word en 1 punt vir elke nuwe Klub gewerk. Dien jou logstaat in teen 23:59SAT op Maandag 25 Januarie by zs4bfn@mweb.co.za. Let daarop dat die tyd en die uitruiling verander het. Blaai na bladsy 63 van die 2021 SARL Blouboek vir al die inligting.

Klubs wat kompetisies aanbied, word daaraan herinner om jou kompetisie te adverteer deur 'n nuus item vir SARL Nuus in te dien 1 tot 2 Sondae voor die kompetisie.

KLUB NUUS

Die Bo-Karoo ARK het 'n virtuele AJV gehou waar die volgende lede verkies is om op die komitee te dien.

Voorsitter: Pieter Gaybba, ZS3PG

Visie Voorsitter: Mathys Louw, ZS1TBP

Sekretaresse: Alta Gaybba, ZR3PA

Kompetisie Bestuurder: Woody Collett, ZS3WL

Tegnies: Tjaart van der Walt, ZS3DR

Addisionele Lede: Nico Engelbrecht, ZS6MAJ/4 en Lambertus Roodt, ZS3LPR

Die Hibiskus Kus Amateur Radio Klub berig dat die 145,7375 MHz herhaler buite werking is, en hulle gebruik nou die 145,775 MHz herhaler met 'n 88,5 Hz toon. Hierdie herhaler gee dekking van Southport tot Port Edward.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar nie sonvlekke sigbaar nie. Daar word nie sonfakkels verwag

nie. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van vier vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral middae DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

13 Januarie – die Kantoor by de NARS open

15 tot 17 Januarie - die PEARS Nasionale BHF/UHF-kompetisie

16 Januarie - die Magalies ARK vergadering

19 Januarie - die PEARS en Grens ARK vergaderings

20 Januarie - die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop

23 Januarie - die Somer QRP Naelloop; Voortplantings Beraad 2021 en die Kaapstad en Highway ARK vergaderings

23 en 24 Januarie - die BARTG RTD Naelloop

26 Januarie - die Secunda ARK vergadering

27 Januarie - die Provinsiale Skole open

31 - Sluitingsdatum vir AJV-mosies en nominasies vir SARL-toekennings en die Raad

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

In gevolge die uitslag van die Wêreld Radio Konferensie 2015 (WRC-15), waar radioamateurs toegang tot die 60 meter-band verkry het, het OKOSA op 25 Mei 2018 'n toewysing van 100 kHz spektrum aan die Suid-Afrikaanse radio amateurs in die Nasionale Radio Frekwensie plan gepubliseer. Daar is twee afsonderlike voet notas in die plan, wat die toegang tot die 60 meter-band in drie segmente verdeel.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.